

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

NOVEMBER 2009

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae soos volg:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae.

2. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde in ooreenstemming is met die kognitiewe vereistes van die vrae.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

PUNTE: 300 **TYD: 180 minute**

AFDELING A: VERPLIGTEND
VRAAG 1: OBJEKTIEWE ITEMS 50 PUNTE – 25 MINUTE
AFDELING B: BEANTWOORD ENIGE DRIE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.
VRAAG 2: 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 3: 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 4: 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 5: 50 PUNTE – 25 MINUTE
VRAAG 6: 50 PUNTE – 25 MINUTE
AFDELING C: BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.
VRAAG 7: 50 PUNTE – 40 MINUTE
VRAAG 8: 50 PUNTE – 40 MINUTE
VRAAG 9: 50 PUNTE – 40 MINUTE
VRAAG 10: 50 PUNTE – 40 MINUTE

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 'n Rede vir die bestaan van 'n openbare sektor is om …

A privaat goedere te voorsien.
B merietegoedere te voorsien.
C pryse van verbruiksgoedere vas te stel.

1.1.2 Wanneer I + G + X > S + T + M, sal die vlak van nasionale inkome …

A styg.
B daal.
C dieselfde bly.

1.1.3 Die verandering in die waarde van inkome gedeel deur die verandering in die waarde van inspuitings, staan as … bekend.

A die ekonomiesekringloopmodel
B Bruto Nasionale Inkome
C die makro-ekonomiese vermenigvuldiger

1.1.4 'n Voorbeeld van volmaakte kompetisie is die …

A ru-oliemark.
B JSE Sekuriteitebeurs.
C Internasionale Diamantbeurs.

1.1.5 Die beweegrede vir 'n koste-voordeel-ontleding is …

A die doeltreffende aanwending van hulpbronne.
B hoë pryse.
C die herverdeling van rykdom.

1.1.6 "Ek ontmoet geen mededingers nie, ek vernietig hulle." Hierdie is 'n stelling wat moontlik deur 'n … gemaak is.

A volmaakte mededinger
B monetaris
C monopolis

1.1.7 Die regering se makro-ekonomiese strategie, GEAR, …

A bevorder ekonomiese groei.
B fokus op toenemende werkloosheid.
C sal altyd tot 'n afname in uitvoere lei.

1.1.8 KMMO's skep werk vir …

A buitelandse werkloses.
B hoogs geskoolde werkloses alleenlik.
C struktureel werklose mense.

1.1.9 'n Voordeel van invoervervanging is dat die binnelandse ekonomie …

A minder kompeterend raak.
B meer gediversifiseerd raak.
C minder beskerming geniet.

1.1.10 Wanneer toeriste die geleentheid kry om in Suid-Afrika die lewe in townships te beleef, staan daardie toerisme bekend as …

A internasionale toerisme.
B ekotoerisme.
C gemeenskapstoerisme.

1.1.11 Die staat kan 'n belangrike rol speel by die instandhouding van omgewingsvolhoubaarheid deur gebruik te maak van die …

A fiskale beleid.
B verstedelikingsbeleid.
C monetêre beleid.

1.1.12 Volgens … oorskry die totale vraag na goedere en dienste die totale aanbod daarvan.

A koste-druk-inflasie
B vraag-trek-inflasie
C deflasie (12 x 2) (24)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

SARB; Mediumtermynbestedingsraamwerk; globalisering; aardverwarming; motorolie; Stats SA; begroting; petrol; Vaardigheidsondersteuningsprogram; Kritieke Infrastruktuurprogram

1.2.1 Toon die beraamde inkome en besteding vir 'n driejaarperiode

1.2.2 'n Gereguleerde produk wat deur motoriste gebruik word

1.2.3 'n Kontanttoelaag vir vaardigheidsontwikkeling

1.2.4 'n Instelling wat afsonderlike inflasiedata vir verskillende metropole publiseer

1.2.5 Die verwagte styging in die verwarming van die atmosfeer as gevolg van die toename in opgehoopte koolstofdioksied (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
1.3.1	Parastataal	A	Organisasie van Petroleumuitvoerlande – OPUL
1.3.2	Direkte investering	B	beskerming van die aarde se hulpbronne om toekomstige geslagte te onderhou
1.3.3	Samespanning	C	'n tarief op ingevoerde goedere gehef om inflasie te beheer
1.3.4	Pareto-doeltreffendheid	D	optimale toewysing van hulpbronne
1.3.5	Verstedeliking	E	groot openbare korporasies word volgens besigheidsbeginsels bestuur
1.3.6	Rentekoerse	F	die belangrikste operasionele instrument wat deur die SARB gebruik word
1.3.7	Bewaring	G	'n proses waardeur gemeenskappe van landelike gebiede na dorpe en stede toe trek
1.3.8	Bobelasting	H	die aankoop van vaste eiendom met die oog op werkskepping
		I	'n ooreenkoms tussen besighede wat daarop gemik is om mededinging tussen hulle te verhoog

(8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Tekorte op die betalingsbalans kan gekorrigeer word deur 'n (styging/daling) in rentekoerse.

2.1.2 'n Doelbewuste maatreël deur die staat om die waarde van 'n geldeenheid te verminder, staan as (devaluasie/depresiasie) bekend.

2.1.3 (Verbruikersvoorkeure/Tegnologie) is 'n faktor wat die doeltreffendheid van die produksie van goedere en dienste beïnvloed.

2.1.4 Arbeid word verhandel op die (faktor-/finansiële) mark. (4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE faktore wat die vraag na buitelandse valuta kan beïnvloed. (3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder oor die berekening van BBP en beantwoord die daaropvolgende vrae.

BEREKENING VAN BBP VOLGENS DIE INKOMEMETODE (2007-syfers)	**R milj.**
Vergoeding van werknemers ……	843
Netto bedryfsurplus ……	644
Vastekapitaalverbruik……..	255
Bruto waarde toegevoeg @ _____A____	**1 742**
Belasting op produksie……	35
Subsidies op produksie ……..	6
Bruto waarde toegevoeg @ basiese pryse…..…	**B**
__**C**____ op produkte ..…….….	231
Subsidies op produkte ……	6
Bruto binnelandse produk @ markpryse …….	**1 996**
Primêre inkomste van die res van die wêreld……	46
Primêre inkomste aan die res van die wêreld……	108
BNI @ markpryse ……..	**1 934**

[Bron: *SARB Kwartaalblad*, September 2008]

2.3.1 Onderskei tussen *BBP* en *BNP*. (4)

2.3.2 Watter alternatiewe term word in die nasionale rekeninge vir BBP gebruik? (2)

2.3.3 Voorsien **A** en **C** van gepaste byskrifte. (4)

2.3.4 Bereken die bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse (letter **B**). (4)

2.3.5 Watter komponent lewer die grootste bydrae tot die Bruto Binnelandse Produk? (3)

2.3.6 Gee 'n rede waarom die BNP-syfers in Suid-Afrika normaalweg kleiner is as die BBP-syfers. (3)

2.4 Maak gebruik van die Laffer-kurwe en verduidelik die verband tussen belasting en inkome. (16)
[50]

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Produkte wat op die volmaakte mark verkoop word, is (homogeen/ heterogeen) van aard.

3.1.2 Privaat koste staan ook as (interne/eksterne) koste bekend.

3.1.3 Mense wat dienste gebruik sonder om daarvoor te betaal staan as (parasiete/nie-betalers) bekend.

3.1.4 Openbare parke en strande is voorbeelde van (nie-meriete/ kollektiewe) goed. (4 x 2) (8)

3.2 Noem enige DRIE voorbeelde van negatiewe eksternaliteite wat deur industriële ontwikkeling veroorsaak word. (3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.



3.3.1 Definieer die begrip *mark*. (3)

3.3.2 Onder watter marktoestande sal die bogenoemde marksituasie heers? Motiveer jou antwoord. (5)

3.3.3 Identifiseer die markprys uit die grafiek. (2)

3.3.4 Bepaal die winsmaksimeringspunt op die grafiek. (2)

3.3.5 Onderskei tussen *korttermyn-* en *langtermynewewig*. (4)

3.3.6 Wat stel die ingekleurde gedeelte op die grafiek voor? (4)

3.4 Verduidelik openbare goedere en onvolmaakte mededinging as redes vir markmislukking. (16)
[50]

VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land met 'n (dualistiese/ sentraal beplande) ekonomie.

4.1.2 Een van die sleutelgroeigebiede in die primêre sektor is (energie-/ voedsel-) produksie.

4.1.3 Die beperking van invoere verwys na (kwotas/vryhandel).

4.1.4 'n Ekonomiese aanwyser wat betrekking het op produksie, is die (reële BBP/VPI). (4 x 2) (8)

4.2 Noem enige DRIE gebruike van die per capita-inkomesyfers. (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

NOK se nuwe fonds om werk te skep

Waagkapitaal van R250 miljoen klink nie na baie nie, maar dit is 'n begin!

Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) ondersteun klein besighede (KMMO's). Deur die skepping van 'n R250 miljoen waagkapitaalfonds poog die NOK om volhoubare werksgeleenthede te skep en om ekonomiese groei te stimuleer.

Die NOK is 'n staatsbeheerde ontwikkelingsfinansieringsinstelling wat poog om werksgeleenthede te skep, SEB in te bring en vaardighede te ontwikkel. SEB-maatskappye maak meer as twee derdes in syfers uit van maatskappye wie se leningsaansoeke goedgekeur is, of 58% in waarde.

Die NOK het onlangs op 'n groter aantal kleiner beleggings in nuwe sektore gekonsentreer, insluitende die agribesigheid. Hulle werk nou saam met die OBSA en die Landbank om ontwikkeling in finansiële instellings meer vaartbelyn te maak.

Die NOK is goed op pad om hul selfopgelegde doelwit van werkskepping en armoede-verligting te bereik. Meer as 33 000 werksgeleenhede is direk geskep teen die teiken van 50 000 werksgeleenthede in 2011.

[Aangepas uit: S*unday Times*, 8 Julie 2007 en *City Press*, 18 Mei 2008]

4.3.1 Noem TWEE Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleids-rigtings wat deur die NOK aangespreek word. (4)

4.3.2 Hoe word SEB deur die handelinge van die NOK bevoordeel? (4)

4.3.3 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (6)

4.3.4 Gee EEN aanhaling uit die teks wat dui op 'n meer gelyke verdeling van rykdom in Suid-Afrika. (3)

4.3.5 Watter instelling, genoem in die teks, dui daarop dat die NOK by ander lande in Afrika betrokke is? (3)

4.4 Bespreek die BBP en indiensneming as ekonomiese aanwysers. (16)
[50]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Buitelanders wat Suid-Afrika besoek, staan as (binnelandse/ internasionale) toeriste bekend.

5.1.2 Wanneer die rand teenoor die vernaamste geldeenhede van die wêreld depresieer, word dit onmiddellik in die (BBP/VPI) weerspieël.

5.1.3 SA Toerisme is 'n (privaat/openbare) onderneming met privaat verteenwoordiging van belanghebbendes op die raad.

5.1.4 'n Tydperk van (deflasie/stagflasie) word gekenmerk deur lae ekonomiese groei, hoë werkloosheid en hoë inflasie. (4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE oorsake van vraag-trek-inflasie. (3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.



[Bron: Zapiro, *Mail & Guardian*, 6 Mei 2008]

5.3.1 Noem die beleid wat deur die Sentrale Bank gebruik word om die geldvoorraad te beheer. (2)

5.3.2 Waarvoor staan die afkorting *MBK*? (2)

5.3.3 Wat word bedoel met 'Ons moet die gordel stywer trek …' soos in die spotprent aangedui word? (3)

5.3.4 Wat is die SARB se huidige inflasieteiken? (3)

5.3.5 Noem enige DRIE gevolge van 'n styging in die 'repo'-koers op die ekonomie. (6)

5.3.6 Watter TWEE faktore, na jou mening, het gelei tot die drastiese styging in die rentekoerse in Suid-Afrika gedurende 2008? (4)

5.4 Bespreek enige TWEE onlangse internasionale ooreenkomste ten opsigte van omgewingsvolhoubaarheid. (16)
[50]

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.1.1 – 6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Daar is 'n (direkte/omgekeerde) verband tussen die koopkrag van geld en inflasie.

6.1.2 (Herwinning/Hersirkulering) is die hergebruik van goedere.

6.1.3 Toerisme in Suid-Afrika kan versterk word deur (inheemse/ endogene) kennisstelsels.

6.1.4 Die BBP-deflator word gebruik om heersende pryse vir 'n spesifieke jaar na (nominale/konstante) pryse toe om te skakel. (4 x 2) (8)

6.2 Noem enige DRIE redes waarom lande in die Noordelike Halfrond meer ontwikkeld is as lande in die Suidelike Halfrond. (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

VISSERIGE BESIGHEID

Wat gebeur met die vis wat in Suid-Afrika se oseane swem?

Nagenoeg aan 20 persent van die wêreld se visvoorraad is gevaarlik oorontgin, terwyl baie ander reeds uitgeput is. Volhoubaarheid is nou 'n kernaspek in die meeste bedryfsfere, net so ook in die vis- en seekosbedryf. Dit is kritiek vir die langtermynvoortbestaan van die seekosvoorraad (dus ook winsgewendheid en oorlewing).

Daarom moet besigheid te alle tye volhoubare visvangpraktyke en verantwoordelike akwakultuurontwikkeling ondersteun en bevorder. Verder behoort alle handelaars in seekos hulle aankope slegs vanaf wettige verskaffers te doen en moet die geskiedenis van daardie seekos ten volle nagespeur kan word tot by die bron.

Onwettige, ongereguleerde en ongerapporteerde (OOO- of roof-) visvangs is waarskynlik die grootste bedreiging vir visvangbestuur en volhoubare visvangs. Deur dit nie te rapporteer nie maak visserybestuur moeilik en word die voortbestaan van mense wat na regte van die see as hulpbron afhanklik is, bedreig.

As lesers beleggers in akwakultuur of visserye is, moet hulle slegs in omgewings-verantwoordelike aktiwiteite belê.

[Uittreksel uit: *Skyways*, Oktober 2008]

6.3.1 Definieer die term *volhoubaarheid* in die konteks van die omgewing. (2)

6.3.2 Noem TWEE redes, soos genoem in die uittreksel, waarom die visbedryf swaarkry. (4)

6.3.3 Verduidelik enige TWEE vorme van besoedeling wat 'n impak op die Suid-Afrikaanse visbedryf sal hê. (6)

6.3.4 Wat kan volgens jou gedoen word om die kwessie van omgewingsvolhoubaarheid aan te pak? (4)

6.3.5 Stel TWEE maniere voor waardeur onwettige visvangs beëindig kan word. (4)

6.4 Bespreek die toepaslikheid van Suid-Afrika se nasionale nywerheidsontwikkelingsbeleid. (16)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

I. Opstelantwoorde:

- Behoort 'n inleiding, inhoud en gevolgtrekking in te sluit.
- Vir die inleiding en gevolgtrekking sal 5 punte toegeken word.
- 'n Verdere 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

II. Nie-opstelantwoorde:

- Kan die volgende insluit: Formele briewe, notules, verslae of memorandums.
- 'n Verdere 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
- 'n Verdere 5 punte sal vir die formaat toegeken word.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

VRAAG 7

OPSTELANTWOORD

Verduidelik met behulp van 'n goed benoemde diagram hoe die verskillende sakesiklusaanwysers in vooruitskatting gebruik kan word. **[50]**

VRAAG 8

OPSTELANTWOORD

Ondersoek die monopolie as markstruktuur en vergelyk dit kortliks met die volmaakte mark. **[50]**

VRAAG 9

OPSTELANTWOORD

"Die afbreek van hindernisse in handel, veral dié waarvoor Suid-Afrikaanse uitvoerders te staan kom, vorm 'n kritieke deel van enige ekonomiese strategie wat volhoubare groei wil bevorder."

[Bron: *2006/07 SA Jaarboek*]

Bespreek uitvoerbevordering as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid en beklemtoon kortliks die doeltreffendheid van die metodes waardeur uitvoere bevorder word. **[50]**

VRAAG 10

NIE-OPSTELANTWOORD

Skryf 'n sakebrief aan die Minister van Toerisme, waarin jy die voordele van toerisme bespreek en ook die voordele wat die relevante toerismegroeibeleide ten opsigte van belasting en infrastruktuurontwikkeling vir Suid-Afrika inhou.

Rig die brief aan:

Die Minister
Departement van Toerisme
Posbus 1001
PRETORIA
0001

Jy is 'n SEB-konsultant, S Sithole. Gebruik jou eie adres as besigheidsadres. **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou